
# Die Opgestane Jesus Is Naby



**2020-04-12**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

# Inleiding

- Ons vier vandag die opstanding van Jesus Christus.
- Ons het die Paas boodskap meer as ooit nodig vandag.
- Hy het opgestaan!!

- Mar 16:1  En toe die sabbat verby was, het Maria Magdaléna en Maria, die moeder van Jakobus, en Salóme speserye gekoop om Hom te gaan salf.
- Mar 16:2  En baie vroeg op die eerste dag van die week, net ná sonop, kom hulle by die graf.
- Mar 16:3  En hulle sê vir mekaar: Wie sal vir ons die steen voor die opening van die graf wegrol?
- Mar 16:4  En toe hulle opkyk, sien hulle dat die steen weggerol was, want dit was baie groot.
- Mar 16:5  En toe hulle in die graf ingegaan het, sien hulle ‘n jongman, met ‘n lang wit kleed om, aan die regterkant sit, en hulle het baie geskrik.

- Mar 16:6  En hy sê vir hulle: Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasaréner wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie. Dáár is die plek waar hulle Hom neergelê het.



# Die Opgestane Jesus Is Naby

# Skriflesings

- Jesus verskyn aan 7 van Sy dissipels
- Joh 21:1-14

Joh 21:1  Na hierdie dinge het Jesus weer aan sy dissipels verskyn by die see van Tibérias, en Hy het só verskyn:

Joh 21:2  Daar was bymekaar Simon Petrus en Thomas wat Dídimus genoem word, en Natánael van Kana in Galiléa en die seuns van Sebedéüs en twee ander van sy dissipels.

Joh 21:3  Simon Petrus sê vir hulle: Ek gaan visvang. Hulle sê vir hom: Ons gaan ook saam met jou. En hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim, en in daardie nag het hulle niks gevang nie.

Joh 21:4  En toe dit al dag geword het, staan Jesus op die strand; maar die dissipels het nie geweet dat dit Jesus was nie.

Joh 21:5  En Jesus sê vir hulle: My kinders, het julle nie iets om te eet nie? Hulle antwoord Hom: Nee.

Joh 21:6  En Hy sê vir hulle: Gooi die net aan die regterkant van die skuit, en julle sal kry. Hulle het toe gegooi en deur die menigte van visse was hulle nie meer in staat om dit te trek nie.

Joh 21:7  Daarop sê die dissipel—die een vir wie Jesus liefgehad het—aan Petrus: Dit is die Here! En toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, gord hy sy bo-kleed om—want hy was naak—en werp homself in die see.

Joh 21:8  Maar die ander dissipels het met die skuitjie gekom en die net met die visse gesleep; want hulle was nie ver van die land nie, maar omtrent twee honderd el.

Joh 21:9  En toe hulle geland het, sien hulle ‘n koolvuur op die grond en vis daarop lê, en brood.

Joh 21:10 Jesus sê vir hulle: Bring van die visse wat julle nou gevang het.

Joh 21:11 Simon Petrus het in die skuit geklim en die net op die land getrek, vol groot visse, honderd drie en vyftig in getal; en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.

Joh 21:12 Jesus sê vir hulle: Kom eet! En niemand van die dissipels het gewaag om Hom te vra: Wie is U nie? omdat hulle wis dat dit die Here was.

Joh 21:13 En Jesus het gekom en die brood geneem en dit aan hulle gegee, en so ook die vis.

Joh 21:14 Dit was al die derde keer dat Jesus aan sy dissipels verskyn het nadat Hy opgestaan het uit die dode.

# 1. Jesus verskyn onverwags

- Dissipels is onseker wat om nou te doen en wat aangaan. Deurmekaar en bekommerd
- Is jy miskien ook daar vandag?
- In hul oomblik van onsekerheid kom Jesus op die toneel en verskyn skielik op die strand.
- Jesus wag op die strand
- Ons Meester wag en verwelkom almal wat na Hom toe kom.

Joh 21:4 En toe dit al dag geword het, staan Jesus op die strand; maar die dissipels het nie geweet dat dit Jesus was nie.

# 2. Jesus ontferm Hom oor ons

- Hy roep na Sy dissipels as “Sy kinders”.
- Praat uit liefde met hulles soos ‘n Vader wat omgee.
- Hy vra hulle of hulle iets het om te eet.
- Jesus stel belang in jou behoeftes.

Joh 21:5  En Jesus sê vir hulle: My kinders, het julle nie iets om te eet nie? Hulle antwoord Hom: Nee.

# 3. Jesus voorsien vir Sy kinders

- Hy doen weereens ‘n wonderwerk en maak Homself so bekend.
- Hy gee ‘n instruksie en ‘n belofte.
- Voer ons Sy opdragte uit? Hoe dien jy die Here?
- Hy is Jehovah Jireh – ons groot Voorsiener.

Joh 21:6 En Hy sê vir hulle: Gooi die net aan die regterkant van die skuit, en julle sal kry. Hulle het toe gegooi en deur die menigte van visse was hulle nie meer in staat om dit te trek nie.

# 4. Hoe reageer ons op Jesus?

- Johannes, die een vir wie Jesus liefgehad het was eerste om Jesus te herken.
  - Johannes kommunikeer en deel dit met Petrus.
- Petrus reageer weer anders
  - Hy tree dadelik op en gaan na Jesus. Spring in die see.
- Hoe vinnig beweeg ons na Jesus? Is ons bereid om selfs deur die see te swem na Hom toe?

Joh 21:7 Daarop sê die dissipel—die een vir wie Jesus liefgehad het—aan Petrus: Dit is die Here! En toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, gord hy sy bo-kleed om—want hy was naak—en werp homself in die see.

# 5. Jesus was reeds gereed vir hulle

- Die dissipels kry ‘n verassing toe hulle op die strand kom.
- Jesus is klaar gereed met vuur, vis en brood.
- Hy voorsien in al ons behoeftes
- Bring vir Jesus wat jy het.

Joh 21:9  En toe hulle geland het, sien hulle ‘n koolvuur op die grond en vis daarop lê, en brood.


# 6. Jesus nooi nog steeds uit

- Kom eet saam met Hom.
- Hy leef Hy het opgestaan en Hy wil saam met jou maaltyd hou.
- Hy deel die voedsel uit aan jou vandag en nooi jou.

Joh 21:12 Jesus sê vir hulle: Kom eet!
Joh 21:13 En Jesus het gekom en die brood geneem en dit aan hulle gegee, en so ook die vis.

# Afsluiting

Openb 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.




King James Version

Mat 1:23  Kyk, die maagd sal swanger word en ‘n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.

Jer 23:23  Is Ek ‘n God van naby, spreek die HERE, en nie ‘n God van ver nie?

Jes 55:6  Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.

**Die graf is leeg!!**

**Jesus is naby ons.**

